## ‘Nie eens 2 maande in psigiatriese hospitaal kon swaardmoord verklaar’

# Morné se motief steeds duister

Erna van Wyk
en Samantha van den Berg

Die ander aangehoudenes noem hom die Ninja, ’n bynaam wat verwys na sy bisarre aanval met Oosterse swaarde op medeleerlinge verlede jaar by ’n Krugersdorpse hoërskool.

Die erkenning deur Morné Harmse (19) dat hy Jacques Pretorius (16) in Augustus verlede jaar doodgemaak het en nog ’n leerling en twee werkers aangeval het, laat egter meer vrae as antwoorde.

Veral oor hoekom net hý tot dié uiterste oorgegaan het terwyl sy drie maats, Marco Fourie, Johannes Dames en Max Brechlin, – wat volgens sy verklaring saam met hom die aanval beplan het – kop uitgetrek het.

Selfs sy ouers, mnr. Machiel en mev. Liza Harmse, weet nie wat hul oudste seun gedryf het nie. Sy pa het verlede week gesê hy en sy vrou het nog nie antwoorde vir hoekom hul seun dit gedoen het nie.

Hoekom hy dié Maandagoggend die tuisgemaakte masker van die hoofsanger van die heavy metal-groep Slipknot oor sy kop getrek het, twee swaarde in sy belt gesteek het en met ’n derde een sy moordtog begin het, weet niemand tot vandag toe nie.

> “Jy kan dit nie verhoed wanneer iemand se kop hom verlaat nie. Dit was soos ’n weerligstraal wat tussen ons geslaan het.”

“Die vrae lê nog op die hele gemeenskap se tong. Nie eens twee maande in Sterkfontein kon dit beantwoord nie,” sê mnr. Mac Redelinghuys, skoolhoof van HTS Nic Diederichs. Harmse het ná sy arrestasie 60 dae in die Sterkfontein-psigiatriese hospitaal deurgebring waar hy toerekenbaar bevind is.

Redelinghuys sê die voorval was die mees traumatiese ding in sy lewe. “Elke kind in die skool is my kind ook. Die kinders is vir my dierbaar met hul foute en al. So ook Morné. Ek verwerp sy gedrag, maar as persoon bly hy vir my dierbaar.”

Dit is enige skoolhoof se ergste vrees en Redelinghuys sê niks – geen noodplanne of prosesse – kan jou vir so iets voorberei nie.

“Jy kan dit nie verhoed wanneer iemand se kop hom verlaat nie. Dit was soos ’n weerligstraal uit die lug wat tussen ons geslaan het.”

Volgens hom het twee dinge gehelp om die skool weer te genees: traumaberading wat vir maande voortgeduur het en ook om so gou moontlik ná die voorval die kinders weer in hul daaglikse roetine te kry.

“Ek dink ons is weer heel. Die Here was ons genadig en die ondersteuning van die gemeenskap is fenomenaal.”

Hy het al hard probeer om self sin te maak van wat gebeur het. Volgens hom was Harmse nie ’n randfiguur nie. Sy ouers was betrokke by die skool en hy het ’n uitgebreide groep maats gehad.

“Hy was nie ’n aktiewe deelnemer aan skoolbedrywighede nie, maar darem ook nie heeltemal net ’n nommer op ’n klaslys nie. Eintlik ’n doodnormale kind.”

En dit is wat almal nog dronkslaan. “Ek dink hy is lankal vergewe. Hy moet wel gestraf word, maar êrens moet ’n mate van versagting kom,” sê Redelinghuys.

Mnr. Dolph Jonker, Harmse se prokureur, sê Harmse het kort nadat hy gearresteer is reeds self besluit om skuld te beken.

Vir die opstel van die voorvonnis-verslag, sal Harmse ’n kriminoloog sien wat moontlik meer lig oor die voorval kan werp. Hy sal op 15 Junie gevonnis word.

## Waterkloof-hoof en sy adjunk laat weet hulle gaan nie meer bedank

Jeanne-Marié Versluis

Dr. Christo Becker, uitvoerende hoof van die Hoërskool Waterkloof in Pretoria, en sy adjunk gaan moontlik binnekort geskors word hangende die ondersoek na beweerde ongerymdhede met die skool se geldsake.

Becker het in ’n prokureursbrief aan die skool gesê hy beplan nie meer om te bedank nie. Hy het geen redes gegee nie, het mnr. Lukas Coetsee, beheerliggaamvoorsitter, gister gesê.

Ook mnr. André Eloff, adjunkhoof, het die skool laat weet hy gaan nie bedank nie – ook sonder redes.

Die Gautengse onderwysdepartement sal na verwagting vandag aandui of Becker en Eloff op buitengewone verlof geplaas gaan word.

Coetsee het gesê volgens die onderwysdepartement se regsafdeling moet hulle geskors word hangende ’n ondersoek. Vóór die skorsing word hulle eers op buitengewone verlof – met betaling en voordele – geplaas.


’n Storm het verlede week losgebars toe aangekondig is dat Becker en Eloff aangedui het hulle gaan bedank nadat prima facie-bewyse van moontlike ongerymdhede met die skool se geldsake in ’n forensiese ondersoek gevind is. Die onderwysdepartement ondersoek nou die bewerings.

Coetsee het Vrydagaand laat in ’n verklaring beweer Becker het op 26 November “erken dat hy sonder goedkeuring” in 2006 ’n rentevrye lening van R500 000 by die skool se lugvaartakademie, wat ’n artikel 21-maatskappy is, aangegaan het. Becker het dié geld terugbetaal, maar stappe gaan “vir seker” teen hom gedoen word.

Die beheerliggaam het ná ’n noodvergadering einde November Phanahanu- forensiese ouditeurs gekry om die akademie se boeke te oudit.

“Daar is vasgestel dat daar ’n geheime rekening in die naam van Intex by die skool bestaan,” lui die verklaring. Intex se bedrywighede is ondersoek. Die beheerliggaam het toe die oudit na die skoolgeldrekening laat uitbrei.

Die beheerliggaam sê hy kyk na moontlike siviele stappe om “verlore” geld te verhaal, regstappe met verwysing na die lugvaartakademie, die beweerde oortreding van die Maatskapppyewet en strafregtelike vervolging.



### Man sterf toe motorfiets teen lorrie bots

**’n Man van Vanderbijlpark is Vrydagaand grusaam dood toe hy laataand op Hertz-boulevard met dié motorfiets teen ’n sementlorrie gebots het. Noodhulpwerkers van SafeTmed en die Emfuleni-noodhulpdienste het etlike ure gesukkel om die man se lyk en motorfiets, wat verwronge tussen die vragmotorwiele vasgesit het, te bevry.** Foto: SONJA VAN BUUL

## Facebook gons oor SAUK nie poppespel wys

Kaapstad. – ’n Protesoptog of ’n boikot is van die voorstelle wat ’n ontstoke lid van die Facebook-ondersteunersgroep van *Z-News*, ’n satiriese poppespel, maak ná die SAUK se besluit om dit nie uit te saai nie.

Mnr. Chukas Neves skryf na aanleiding van dié kansellasie dat Suid-Afrika “in ’n katastrofe inmars” en iets moet doen om dit te keer.

*Beeld* het vroeër berig die SAUK sou die poppespel reeds verlede jaar uitsaai en het nagenoeg R1 miljoen aan die eerste episode bestee.

Die SAUK het later aangevoer Suid-Afrikaners is nie gereed vir dié satire nie.

In dié poppespel, uit die pen van die omstrede spotprenttekenaar Zapiro (Jonathan Shapiro), word die ANC-leier, mnr. Jacob Zuma, as ’n leier met ’n gesplete persoonlikheid uitgebeeld.

Die DA-leier, me. Helen Zille, is ’n draak in dié spel en dr. Manto Tshabalala-Msimang, gewese minister van gesondheid, ’n verpleegster wat heeltemal van lotjie getik is.

Teen gistermiddag het dié ondersteunersgroep sowat 10 200 lede gehad wat gal gebraak het oor die SAUK se besluit.

Ene me. Gina Shephard meen die SAUK het met dié besluit weer bewys hy is ruggraatloos.

Die noodsaaklikheid vir ’n onafhanklike uitsaaier is telkens deur die ondersteuners beklemtoon.

Mnr. Johan Stegmann skryf: “Die SAUK was nog altyd en is steeds niks behalwe sy meester se stem nie. Nou antwoord hulle nie tot die apartheidsregering nie, maar tot die Zumafia.” **– Rozanne Els**

## Sy word met mes gesteek, maar nou dreig staat oor salaris

Sonja Carstens

Aanklaers is woedend oor ’n brief waarin die nasionale vervolgingsgesag (NVG) dreig om die oud-aanklaer wat 14 keer met ’n mes in haar kantoor gesteek is, te dagvaar vir ’n halwe maand se salaris.

“Dit is skokkend en walglik hoe die NVG vir me. Marisa Booyse hanteer,” sê ’n adjunkdirekteur van openbare vervolging.

Booyse het 40% van die gebruik van haar regterhand verloor nadat sy op 18 September 2006 in haar kantoor van die Pretoriase landdroshof aangeval is.

Sy was ’n beheeraanklaer van die hof, maar het in Oktober verlede jaar bedank omdat dit vir haar te traumaties was om na haar pos terug te keer.

Hoewel Booyse aanvanklik ’n oorplasing na ’n ander kantoor oorweeg het, is dié hoop laat vaar nadat sy moes hoor die NVG se teikens vir gelyke indiensneming sou die oorwegende faktor wees in die besluit waar sy geplaas word. Dit sou beteken dat sy waarskynlik ’n oorplasing na die Atteridgeville-hof buite Pretoria sou kry.

Verlede week het Booyse ’n brief gekry waarin die NV se koöperatiewe dienste haar 14 dae gee om R15 000 aan hulle terug te betaal. Indien sy dit nie doen nie, sal die saak na die staatsprokureur verwys word om haar te dagvaar of ’n beslagleggingsbevel teen haar te kry.

*Beeld* is in besit van ’n brief wat mnr. Louis Booyse, haar man wat ook ’n prokureur is, aan sy vrou se voormalige werkgewer teruggeskryf het.

Daarin sê hy die NVG het sy vrou, wat twee keer as aanklaer van die jaar aangewys is, in die steek gelaat en veroorsaak dat hul verhouding met haar versuur deur onder meer nooit ná haar welstand te verneem of vir haar ’n bos blomme te stuur nie.

Benewens adv. Vusi Pikoli, gewese hoof van die NVG, se besoek toe sy in die hospitaal was, het geen ander kollegas van Booyse ná die aanval met haar kontak gemaak nie.

“Dit beteken dat sy fisiek en emosioneel ’n steekwond gekry het vir elk van die 14 jare wat sy ’n lojale werknemer in hul diens was, letsels wat haar die res van haar lewe sal bybly,” sê Booyse.

Booyse wag nou nog vir die NVG om haar pensioengeld ná ’n ander aftreefonds oor te plaas. Die rente wat sy veronderstel was om van Oktober tot nou op haar belegging te verdien, is meer as die bedrag wat sy glo aan die NVG skuld.

Boonop het die NVG nog nie Booyse se eis teen die ongevallekommissaris vir haar mediese koste en verlies aan lewensgehalte afgehandel nie. Sedert die aanval het sy vier operasies aan haar regterhand ondergaan.

Die bepalings van die Wet op Beroepsbeserings verhoed Booyse om ’n skadevergoedingseis teen die NVG of teen die departement van justisie in te dien hoewel die metaalverklikkers van die hofgebou nie gewerk het toe sy aangeval is nie.

Luidens Booyse se antwoord sal enige eis van die NVG teengestaan word en sal sy ’n teeneis indien.

Mnr. Tlali Tlali, woordvoerder van die NVG, sê hulle kan hul optrede regverdig, maar verkies om dit “professioneel” te hanteer en nie in die media te bespreek nie. Volgens hom is geen dagvaarding uitgereik nie en sal die partye vandeesweek vergader.

## Brandslagoffertjies kry dalk veloorplantings



**Sunday Mukazi (links) en Tavonga Chikwenya het van Johannesburg na Kaapstad vir moontlike veloperasies gevlieg.**

Aldi Schoeman

Twee kleuters met letsels op hul velle van brande waarin hulle beseer is, het gister van Johannesburg na Kaapstad gevlieg waar hulle hopelik veloorplantings kan kry.

“Dit is beter vir kinders (met brandwonde) om operasies te kry om hul wonde te laat beter lyk voordat hulle met formele skoolopleiding begin,” het me. Bronwen Jones, direkteur van Children of Fire, gister gesê.

Children of Fire is ’n Johannesburgse organisasie wat brandslagoffers help.

“As hulle beter lyk, word hulle nie name soos *scarface* genoem nie. Tergery is regtig skadelik en dit het ’n groot invloed op kinders is as hulle grootword.”

Jones het saam met Sunday Mukazi (4) en Tavonga Chikwenya (5) gevlieg.

Die dokter wat hulle gaan help, prof. Heinz Rode, ontmoet die kleuters vandag vir die eerste keer by die Rooi Kruis-kinderhospitaal.

Sunday se vel het gebrand in dieselfde brand waarin sy ouma dood is. Hy was omtrent twee jaar oud toe rebelle in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) die huis aan die brand gesteek het waar hy en sy ouma gewoon het.

Sunday, wie se ma by sy geboorte dood is, woon nou by sy tannie in Suid-Afrika. Niemand weet waar sy pa is nie.

Tavonga se vel het verbrand toe ’n pot rys met kokende water oor hom uitgeval het.

“Die pot het op die stoof gestaan en hy wou dit roer. Hy het die pot afgetrek en die rys en water het op hom geval,” sê Jones.

Tavonga was 22 maande oud toe die ongeluk gebeur het en hy het saam met sy ouers naby Harare in Zimbabwe gewoon. Die gesin bly nou in Suid-Afrika.

Kulula.com het die drie enkelvlugkaartjies na Kaapstad geborg en die Wes-Kaapse regering betaal vir die operasie.

Die twee seuntjies hoop om oorplantings van kunsmatige vel te kry. “Die dokter sal vasstel wat moontlik is wanneer hy hulle sien,” sê Jones.

Albei kleuters het harde littekenweefsel waar hulle gebrand het en dít sal hopelik met operasies verbeter kan word.



### Te wyd gedraai

**’n Motor het omstreeks middernag eergister in Tourmalineweg in Sundowner, Randburg, deur ’n tuinmuur gejaag en op sy dak te lande gekom. Die bestuurder, wat in ’n stabiele toestand hospitaal toe geneem is, het glo hier om ’n draai probeer gaan en toe van die pad af gery, het mnr. Nick Dollman van Netcare 911 gesê.** Foto: NETCARE 911



Moenie jouself hierdie winter afskeep nie!
Behou jou somervoorkoms of kom kry dit terug!
GEEN dieet
GEEN oefening
GEEN inspuitings
Tyd- en koste-effektief
10 verslankingsessies @ R850
20 verslankingsessies @ R1 200
(BEPERKTE AANBOD)
Mediese osoonterapie
Verbrand tussen 400 en 600 kilojoules per sessie
* Merkwaardige sellulietbehandeling
* Dreinering van oortollige vloeistowwe en gifstowwe
* Perfekte ontgiftingsbehandeling
10 sessies @ R1 600
Chrispa Cloete Verslankingskliniek (OOP 07:00-19:00)
Murraystraat 371, Brooklyn 0161, Pretoria Tel 012-346-6830/40
Faks 012-346-6812 chrispacloete.co.za
10607-20/04/09/B/RITA

ARMY SURPLUS STORES
MITCHELLSTRAAT 60 PRETORIA-WES
ONS KLOP ENIGE KWOTASIE!
TENTE | GASSTOWE | BEDDENS | GASLAMPE | KAMPTOERUSTING
CADAC-TOEBEHORE | GRONDSEILE | MUSKIETNETTE | MATRASSE

Splinternuwe parkabaadjies
alle groottes
LAAT ONS VIR U ’N PRYSLYS FAKS. ALLE KREDIETKAARTE WORD AANVAAR.
TEL 012-327-3282 SEL 082-898-7961 FAKS 012-327-1194
E-POS: army@armystores.co.za www.armystores.co.za
20125-20/04/09/B/RITA

## ‘Slumdog’-kinderster se pa wou haar ‘verkoop’

Londen. – Een van die kindersterre in die Oscar-wenfliek *Slumdog Millionare* se pa het haar glo vir sowat £200 000 (sowat R1,784 miljoen) te koop aangebied, is gister in die Britse pers berig.

Luidens *News of the World* wou die negejarige Rubina Ali – wat ’n jong Latika in die fliek speel – se pa, mnr. Rafiq Qureshi, goed munt slaan uit haar sukses. Hy sal egter nou sy beweerde optrede aan Indiese kinderbeskermingsowerhede moet verduidelik.

Die koerant het twee mense na Indië gestuur om hulle voor te doen as ’n ryk Arabiese egpaar van Doebai wat die meisie wil aanneem. Dít nadat redakteurs gehoor het Qureshi (36) soek ’n koper vir sy bekende dogter. Rubina woon, soos haar karakter, in een van Moembaai se krotbuurte waar haar gesin erg geldelik sukkel.

Volgens Qureshi wou hy sy hele gesin van hierdie bestaan bevry al is die soort aanneming wat hy wou deurknoop onwettig. Hy beweer dat hy slegs sowat £2 040 (sowat R18 200) van rolprentbase vir Rubina se rol ontvang het. **– Korrespondent**